

1. Herinner mekaar aan watter “mekaar”-tekste ons al vanjaar as gemeente by stilgestaan het.
2. **LEES ROMEINE 15: 1 - 14.** PRAAT SAAM: Hoeveel “mekaar”-tekste lees julle raak in hierdie gedeelte? Wat staan uit vir jou/wat spreek jou aan uit die “mekaar”-tekste in hierdie gedeelte?
3. **LEES JAKOBUS 5: 16 - 18** en praat saam oor die inhoud. Wat staan vir jou uit/spreek jou aan?
4. **BESPREEK:** Waarom sukkel ons om dinge in ons lewe (sonde, dinge waarmee ons sukkel, dinge en mense wat ons pla) voor ander te bely?
  - Noem dinge in onsself wat ons verhinder
  - Noem ander dinge (bv medegelowiges se optrede/hantering) wat ons verhinder
5. As daar vrymoedigheid is, deel met mekaar ‘n voorbeeld van optrede waar jy seergekry het toe jy teenoor iemand – hou dit maar anoniem - bely/oopgemaak het.
6. **DEEL MET MEKAAR** ‘n voorbeeld/getuienis van ‘n positiewe ervaring wat jy gehad het toe jy teenoor iemand bely/oopgemaak het.
7. NB Onthou dit gaan hier net oor bely nie. Dit gaan oor bely sodat daar daaroor **tot God gebid** kan word (en God genesing gee). **BID SAAM vir ons gemeente:** dat ons ‘n gemeente sal wees wat al meer vir mekaar sal bid en ook die ander “mekaar”-opdragte van die Here sal uitvoer en uitleef.

Confession exposes; prayer heals.

Confession takes responsibility for wrongdoing; prayer asks God to help us do what is right.

Confession acknowledges the human condition; prayer draws on the transcendent power of God.

Confession admits to sin; prayer leads us to salvation.

**Confession and prayer: The two belong together as one mutually command.**